

Bosman spreek uit verlede in Russiese tongval

Lientjie Mentz

lientjie.mentz@media24.com

Danksy die ywer van 'n Bloemfonteiner word kortverhale deur Herman Charles Bosman nou in Russies vertaal.

Dr. Olga Esaulova, oorspronklik van St. Petersburg, het die werk van Bosman nagevors en reeds meer as 100 van sy stories vertaal.

In 'n praatjie wat sy Vrydag (23/03) by die departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans aan die Universiteit van die Vrystaat (UV) gelewer het, het sy genoem dat relatief min literêre werke oor die Suid-Afrikaanse geskiedenis bestaan.

Hoewel baie werke oor die Anglo-Boereoorlog geskep is, meen sy min is geskryf oor die tydperk daarna. Dit is juis die insig in daardie dae wat haar na Bosman se kortverhale aantrek.

Esaulova het gesê van sy werke is reeds in Russies vertaal, maar na haar mening is dit nie van 'n hoë



Dr. Olga Esaulova en prof. Henning Pieterse van die departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans aan die UV.

Foto: Lientjie Mentz

gehalte nie. Sy hoop om met haar vertalings reg aan dié klassieke Suid-Afrikaanse kortverhale te laat geskied.

In haar praatjie het sy haar menings oor sy werk en lewe toegelig en ook vertel watter uitdagings op haar wag om dié werk in Russies te vertaal.

Hoewel Bosman in Engels geskryf het, het baie Afrikaanse woorde 'n weg na sy kortverhale gevind, wat sy stories 'n unieke karakter gee. Sy gebruik dié woorde met voetnote om dit te beskryf. Verder is dit ook nodig om plekke, mense en gebeure met voetnote toe te lig.

Sy glo dit was Bosman se tydperk in die tronk – nadat hy sy stiefbroer doodgeskiet het – wat hom 'n beter skrywer gemaak het.

Esaulova meen Bosman het sy verhale in Engels geskryf om Afrikaners aan te moedig om Engels te lees. Engelssprekendes kon so ook insig in die Afrikaner-gemeenskap verkry.

'n Groot uitdaging is om die fyn humorsin waarvoor talle van Bosman se kortverhale bekend is, só te vertaal dat die atmosfeer behoue bly.

Esaulova glo 'n vertaler moet nooit probeer om beter as die skrywer te skryf nie – die teks moet nie beter óf slegter wees nie.